

A F D E L I N G B

EIE ONDERSOEK

Hoofstuk II

Uiteensetting van die eie ondersoek

I. Die doel met hierdie ondersoek.

Die doel met hierdie ondersoek is om die sosiale ontwikkeling gedurende een fase van die menslike ontwikkeling tot volwassenheid, nl. die adolessensie na te gaan. In die eerste plek word 'n studie gemaak van die adolessent in die sosiale gemeenskap waarin hy hom bevind en waarin hy daaglik beweeg. In hierdie sosiale gemeenskap word dan ingesluit:

- (a) Die ouerhuis as sosiale omgewing en die adolessent se verhouding tot sy ouers, broers en susters, familiebetrekkinge en vriende van die gesin;
- (b) die skoolgemeenskap as sosiale omgewing en sy verhouding tot sy onderwysers(esse), klas- en skoolmaats van dieselfde sowel as die teenoorgestelde geslag;
- (c) die kerklike gemeenskap as sosiale omgewing en sy deelname aan die Sondagskool en katekisasie voor belydenis van geloof en die kerklike verenigingslewe asook al die mense met wie hy in kerklike verband in aanraking kom.
- (d) Die samelewing as sosiale gemeenskap en sy verhouding tot volwassenes in die kommersiële en industriële lewe, werkgewers sowel as werknemers.
- (e) Ouderdomsgroepe of klieke as sosiale gemeenskap en sy verhouding tot die groepe waarvan hy lid is of nie lid is nie en die rol wat hy daarin speel.
- (f) Sportklubs as sosiale gemeenskap en sy verhouding tot die lede en sy deelname of geen deelname daaraan nie.

(g)/...

- (g) Die verenigingslewe as sosiale gemeenskap en sy deelname en die rol wat hy in elkeen vervul asook die invloed wat die ander lede op hom uitoefen.

Hierdie ondersoek is nie 'n suiwer psigologiese studie nie. In die tweede plek moet dus i.v.m. die doel met hierdie ondersoek opgemerk word dat daar getrag word om hierdie leeftyd in sy pedagogiese kader te plaas, d.w.s. om hierdie aspek van die adolessensie te bestudeer in sy skoolverband en opvoedkundige toepassing.

II. Die proefnemer.

'n Voortoets ¹⁾ het getoon dat die instruksies vir die voltooiing van die vraelys geen besondere vereistes aan die proefleier stel nie. Die instruksies gegee in die vraelys is egter van so 'n aard dat 'n mate van persoonlike toeligting nodig was. Verder is dit 'n voorvereiste dat die belangstelling en veral die samewerking van die leerlinge in die ondersoek verkry word. Dit kan die beste deur die klasonderwyser(es) bewerkstellig word as gevolg van die wedersydse vertroue tussen onderwyser en leerling. Na 'n skriftelike verduideliking ²⁾ sowel as 'n persoonlike gesprek met die personeellede waarin gepoog is om hulle belangstelling vir die ondersoek te wek, kon die ondersoeker suksesvol gebruik maak van die onderwysers (esse) van die betrokke skole om op te tree as hulpproefleiers. Hierdeur kon ook eenvormigheid in die instruksies aan die ppe. verkry word, aangesien hulle gevra is om slegs waar nodig verduidelikings te doen maar nooit hulle eie opinie aan die leerlinge te verstrek nie. Met die hulp van die onderwysers is die skooltyd wat deur die ondersoek in beslag geneem is tot 'n minimum beperk ³⁾.

Die/...

1) Sien bl. 79.

2) Bylae B.

3) Voltooiing van die vraelys het binne een uur plaasgevind.

Die hulpproefnemers het bestaan uit 135 mans en 56 dames wat almal op een na diensdoende onderwysers(esse) aan die middelbare skole was waar die vraelyste beantwoord is. Tabel I gee die kwalifikasies van hierdie personeellede. Hiervolgens besit slegs 38 nie 'n baccalaureusgraad nie en van hulle het slegs ses minder as drie jaar opleiding na matriek geniet. Een van hierdie ses persone was die sekretaresse van die skool wat by 'n st. 10-klas toesig gehou het en met al die probleme wat daar opgeduik het reguit na die skrywer gekom het terwyl die ander 5 ervare onderwysers(esse) was. Ons kan dus met vrymoedigheid sê dat die hulpproefnemers akademies bevoeg was vir die taak wat aan hulle opgedra was en dat hulle onder die persoonlike leiding en toesig van die skrywer gestaan het aangesien lg. tydens die voltooiing van die vraelyste by elke skool teenwoordig was.

Tabel I

Medewerkers in die ondersoek, ingedeel volgens geslag en kwalifikasies.

Kwalifikasies	Man	Dame	Totaal
Doktorsgraad	3	-	3
Meestersgraad	15	2	17
Honneurs- of 2 baccalaureusgrade	18	1	19
Baccalaureusgraad	84	30	114
Diploma 3 jr.	14	18	32
Diploma 2 jr.	1	4	5
Professioneel Ongekwalfiseerd	-	1	1
Totaal	135	56	191

III. Die proefpersone.

Hierdie ondersoek is beperk tot Afrikaanssprekende leerlinge van nege verteenwoordigende Transvaalse middelbare skole. (In die voortoets is gebruik gemaak van 'n tiende skool/...

skool). By die nege middelbare skole wat vir die ondersoek gekies is, is ingesluit leerlinge en middelbare skole wat verteenwoordigend is van die Transvaalse platteland, Pretoria, die Witwatersrand en Vereeniging en is leerlinge gekies wat in koshuise of weeshuise tuisgaan, privaat loseer sowel as die wat by hulle ouers inwoon. Die leerlinge van die aanpassingsklasse is by hierdie ondersoek uitgesluit omdat hulle eintlik nog nie die peil van ontwikkeling van die middelbare skoolleerling bereik het nie en weens leesprobleme ook nie die vraelyste doeltreffend kon voltooi nie.

Tabel II

Verspreiding van die ppe. oor die geweste waar die skole geleë is.

Geweste	Leerlinge
Noord-Transvaal	538
Pretoria	646
Witwatersrand (Oos-, Sentraal- & Wes-)	2188
Wes-Transvaal	731
Verre-Wes-Transvaal	382
Oos-Transvaal	553
Suid-Transvaal	520
TOTAAL	5558

Weens die aard van die skoolgaande bevolking is die persentasie ppe. wat in standers 9 en 10 is baie minder as die aantal ppe. van sts. 6, 7 en 8 ¹⁾.

Die skrywer dink dat 'n voldoende aantal ppe. uit die hoër standers verkry is vir die verskillende ouderdomsgroepe, aangesien baie van die leerlinge in die laer standers/...

1) Sien tabelle III en IV.

standerds reeds die ouderdom van 16 en 17 jaar bereik het. Die skrywer is bewus van die leemte in die ondersoek as gevolg van die feit dat leerlinge wat na st. 8 die skool verlaat of wat tegniese en huishoudskole besoek nie by die ppe. ingesluit is nie. Ons kan egter aanneem dat die ppe. wat by hierdie ondersoek betrek is tipies en verteenwoordigend is van die Afrikaanssprekende leerlinge tussen die ouderdomme 12 en 18 jaar in Transvaalse middelbare skole. Daar is dan ook min rede om aan te neem dat hulle oor die algemeen nie vir hierdie leeftye verteenwoordigend is nie.

Tabel III

Verspreiding van die proefpersone (seuns) oor leeftye en standerds.

Leef-tyd.	12	13	14	15	16	17	18	19	totaal
St. 6	60	381	307	98	20	4	-	-	870
St. 7	-	58	347	353	98	6	-	-	862
St. 8	-	-	42	303	188	27	7	-	567
St. 9	-	-	-	36	136	69	15	2	258
St. 10	-	-	-	-	19	80	46	12	157
Totaal	60	439	696	790	461	186	68	14	2714

Tabel IV

Verspreiding van die proefpersone (meisies) oor leeftye en standerds.

Leef-tyd	12	13	14	15	16	17	18	19	Totaal sts.
St. 6	68	455	304	76	5	-	-	-	908
St. 7	2	52	500	362	82	7	-	-	1005
St. 8	-	-	55	354	195	20	-	-	624
St. 9	-	-	-	23	120	47	3	-	193
St. 10	-	-	-	-	23	73	18	-	114
Totaal Leeftyd	70	507	859	815	425	147	21	-	2844

Omdat/...

Omdat die aard en samestelling van die huisgesin van belang is in die sosiale ontwikkeling van die adolessent, moes die ppe. sekere persoonlike gegewens invul sodat vasgestel kon word waar daar ernstige afwykings in hulle huisgesinne voorkom. 'n Leemte in hierdie ondersoek is dat nie vasgestel is welke persentasie ppe. die enigste kind in die huisgesin is nie, veral omdat broers en susters 'n belangrike sosialiserende invloed op die adolessent uitoefen. Verder is ook nie vasgestel van watter persentasie leerlinge albei ouers oorlede is nie. Weens die omvang van die klassifikasies waartoe besluit is, is hierdie faktore buite rekening gelaat.

Volgens die persoonlike gegewens in tabel V is dit duidelik dat die grootste persentasie leerlinge in hulle ouerhuise inwoon, 'n sterk persentasie in skoolkoshuise en dat 'n geringe persentasie privaat loseer. Die meeste gesinne sluit ook meer as een kind in. Die grootste persentasie leerlinge het nog albei ouers in lewe en die meeste van die wat een ouer verloor het, het weer 'n stiefouer bygekry. Ons kan dus sê dat die huisgesinne waaruit ons ppe. getrek is normaal en verteenwoordigend is.

Die plek van die kind in die huisgesin toon aan dat verteenwoordigende ppe. uit groot gesinne van vier en meer kinders sowel as uit kleiner huisgesinne geneem is.

Tabel V/...

Tabel V

Tuiste, plek in die gesin en ouers van die ppe. (seuns, meisies en totaal vir albei geslagte) uitgedruk in persentasies.

		seuns	meisies	Totaal
TUISTE:	Ouerhuis	74	77	76
	Skoolkoshuis	20	19	19
	By familie	4	4	4
	Loseer	1	1	1
PLEK IN GESIN	Jongste kind	18	17	18
	Oudste kind	32	29	31
	Tweede kind	21	20	20
	Derde kind	13	13	13
	Vierde kind	7	8	7
	Vyfde kind	5	5	5
	Sesde of latere kind	3	4	3
OUERS	Albei leef	85	85	85
	Vader leef	4	3	4
	Moeder leef	11	10	10
	Vader hertroud	4	3	3
	Moeder hertroud	5	5	5

IV. Metodes van ondersoek.

'n Volmaakte tegniek en metode van ondersoek van die psigiese verskynsels van die mens is haas ondenkbaar. Ons vind dieselfde beperkinge by 'n studie van die adolessensie. Verskillende metodes van ondersoek gaan mank aan sekere gebreke maar deur verskeie metodes te gebruik, kry ons 'n geheelbeeld van die psigiese lewe van die adolessent.

Indien al die aspekte waarin ryping tydens hierdie fase plaasvind deur 'n omvattende studie gedek word, sal/...

sal die aantal ppe. noodwendig beperk moet wees tot 'n enkele pp. of 'n paar. Sodra die aantal ppe. vergroot word, sal dit nodig wees om slegs enkele aspekte van die ontwikkeling van die adolessent na te gaan, bv. ontwikkeling in sy sosiale verhoudings, in sy houding teenoor kleredrag, sy persoonlikheid, ens. Die ondersoeker van die adolessente fase het dus o.a. met twee belangrike probleme te doen nl. die keuse van 'n geskikte en verteenwoordigende groep ppe., asook die keuse van 'n doeltreffende metode.

1. Die keuse van proefpersone.

Ons kan die keuse van ppe. eerste stel omdat die ppe. wat beskikbaar is die keuse van die metode sal bepaal, bv. as 'n groot aantal ppe. slegs 'n kort tydjie beskikbaar is, sal dwarsdeursneestudies gedoen word en sal 'n metode wat kwantitatiewe resultate bereik die beste wees. In gevalle waar 'n enkele pp. of 'n klein groepie ppe. 'n lang tydperk beskikbaar is, sal lengtedeursneestudies gedoen word en 'n metode gebruik word wat kwalitatiewe resultate bereik. Die doel van ons studie wat oor die sosiale ontwikkeling van die adolessent gaan, is om die adolessent veral in sy sosiale en skoolverband te benader. Die ppe. wat deur die skrywer gebruik is, moes dus geneem word uit die leerlinge aan middelbare skole waar hierdie leeftydsgroepe hulle bevind. Uit die groot aantal skole van ons land is duisende skoolkinders vir hierdie ondersoek beskikbaar en daarom was 'n dwarsdeursneestudie met gebruikmaking van 'n groot aantal ppe. sowel as 'n lengtedeursneestudie waar slegs 'n geringe aantal ppe. gebruik word, heeltemal moontlik.

2. Die/...

2. Die keuse van 'n geskikte metode ¹⁾.

Omdat dit in 'n sekere mate moontlik was om enige hoeveelheid ppe. te bekom, was dit nie die bepalende faktor by die keuse van 'n geskikte metode nie. Spesifieke probleme verbonde aan sekere metodes wat alreeds deur ander ondersoekers in 'n studie van die adolessent gebruik is, moes in aanmerking geneem word by die keuse van 'n geskikte metode vir die ondersoek wat hier onderneem is. Ons het die volgende metodes wel in aanmerking geneem:

(a) Lengtedeursneestudies.

Met 'n klein aantal ppe. beskikbaar, kan doeltreffend van een van die volgende metodes gebruik gemaak word soos blyk uit die sukses wat ander ondersoekers hiermee behaal het.

(i) Stelselmatige waarneming of die biografiese metode.

Sonder dat die ppe. daarvan bewus is, word hulle deur een of meer proefnemers in 'n natuurlike situasie of situasies geplaas en waargeneem. Aantekeninge word gereeld bygehou en gewoonlik word die aandag van die ondersoeker op die een of ander aspek t.o.v. die handeling van die ppe. gekonsentreer. Dieselfde groep ppe. kan daaglik gedurende 'n sekere tydperk waargeneem word of verskillende groepe, wat hulle ontwikkeling en ouderdom betref, kan waargeneem en met mekaar vergelyk word om 'n opbouende beeld in die ontwikkeling van verskillende ouderdomsgroepe/...

-
- 1) Vollediger omskrywing van elkeen van die metodes kom voor in die volgende werke:

Abelson: The art of Educational Research.
Alexander: How to locate educational information and data.
Brooks: Child Psychology.
Coetzee: Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde.
Carmichael: Manual of Child Psychology.
Crawford: The technique of Research in Education.
Garrett: Statistics in Psychology and Education.
Goodenough and Anderson: Experimental Child Study.
Fisher: Statistical Methods for Research Workers.
Good, Barr & Scates: The Methodology of Educational Research.
Hurlock: Adolescent Development.
Otis: Statistical Method in Educational Measurement.
Trow: Introduction to Educational Psychology.
Symonds: Diagnosing Personality and Conduct.

ouderdomsgroepe te bekom. Die geskikste pns. in hierdie soort ondersoek is die ouers van die ppe. of ander persone wat daaglikse toegang tot hulle het en waarnemings in 'n natuurlike situasie doen.

Een van die probleme van hierdie metode in die ondersoek van die adolessent is dat adolessente baie fyner as die kind is om agter te kom wanneer hulle dopgehou word en dan dadelik sku word en onnatuurlik handel. Baie geduld, takt en tyd is nodig om hierdie metode by adolessente suksesvol toe te pas. Die beskrywing van die gegewens wat op hierdie wyse verkry is, neem dan die vorm aan van 'n biografie waar dit op 'n enkele kind betrekking het. In die gevalle waar volwassenes gevra word om terug te dink oor sekere gebeurtenisse en ontwikkelingslyne in hulle eie verlede, kry ons outobiografieë.

Verskeie ondersoekers het van hierdie metode gebruik gemaak, aanvanklik in waarnemings van die kind maar later ook in die studie van die adolessent. PREYER het in die jare 1870 en 1880 waarnemings gedoen t.o.v. sensoriese en intellektuele ontwikkeling van kinders ¹⁾. G. STANLEY HALL het in sy groot werk wat in 1904 verskyn het ook van hierdie metode gebruik gemaak ²⁾.

'n Studie van die adolessensie deur middel van hierdie metode sal oor baie jare strek en sal verder die probleem oplewer hoe om die adolessente ongemerk waar te neem. Omdat ons ppe. uit verskillende skole in Transvaal geneem is en die afstande probleme sou oplewer om hulle dikwels te bereik, was hierdie metode vir ons navorsing onprakties.

(i) Graderingskale/...

1) Horrocks: Psychology of Adolescence, 257.

2) Hall: Adolescence.

(ii) Graderingskale.

'n Lys van eienskappe, karaktertrekke, belangstellings, ens., word opgestel met die oog op persoonlike skatting vir elke item en vir elke pp. Die pp. word dan deur die pn. t.o.v. elke item beoordeel en geplaas op 'n driepuntskaal of 'n vyfpuntskaal, d.w.s. uitstekend, gemiddeld, swak en ook 'n plek tussen elke twee van die drie. Hierdie skaal kan deur 'n ondersoeker gebruik word om homself te gradeer of ook vir ander wat hy baie goed ken. Om 'n redelik betroubare skatting te doen, word gebruik gemaak van verskillende hulpproefnemers wat die ppe. goed ken. Indiwiduele verskille oor 'n bepaalde pp. sal altyd voorkom omdat die proefnemers wat die skatting doen nie almal hulle waarnemings waarop die skatting berus, onder dieselfde omstandighede gedoen het nie. Weens die subjektiewe aard van hierdie skattings en omdat daar baie onbeheerbare en veranderlike faktore by gradering betrokke is, verkry ons nie altyd juiste en betroubare resultate nie. Dit spreek vanself dat slegs 'n beperkte aantal ppe. in hierdie soort ondersoek gebruik kan word, veral omdat verskeie hulpproefnemers skattings oor bepaalde ppe. moet doen ten einde die gegewens meer betroubaar te maak.

MATHER (1934) het hoërskoolleerlinge en kollegestudente gevra om sekere persoonlike eienskappe wat hulle by vriende of vriendinne van die teenoorgestelde geslag verlang in volgorde van voorkeur te gradeer in antwoord op 'n vraag: „Watter soort meisies word graag deur seuns uitgeneem of met watter soort seun gaan meisies graag uit?" ¹⁾ In hierdie soort gradering word die eienskappe gegradeer en nie die persone wat die eienskappe besit nie.

'n Samevattende gradering is deur PARTRIDGE (1938) voorgestel, nl. eerstens 'n gradering deur onderwysers of volwassenes/...

1) Mather: Courtship ideals of high-school Youth, aangehaal deur Hurlock: Adolescent Development, 188.

volwassenes wat met die jongmense omgaan t.o.v. die leierskap van die adolessente wat aangetoon word op 'n vyfpuntskaal. Tweedens word 'n oorsig gegee van die deelname aan en verantwoordelikhede t.o.v. die rol wat die adolessent beklee het in verskillende aktiwiteite. Derdens word gebruik gemaak van die gradering van die ppe. self. Afleidings kan dan uit hierdie totale versamelde gegewens gemaak word.

Omdat hierdie metode te veel hulpproefnemers verg weens die subjektiewe aard van die gradering wat te veel geleentheid bied vir moontlike verskille en omdat dit in 'n groot mate tydrowend is, beskou ons hierdie metode nie as geskik vir ons doel nie. Dit word egter erken dat belangrike gegewens moontlik deur hierdie metode ingewin kan word.

(iii) Studie van dagboeke van adolessente.

Die dagboeke van adolessente behels grotendeels 'n uitbeelding van hulle emosionele belewinge by sekere gebeurtenisse in hulle lewens. Hierdie beskrywings word gedoen vir hulle eie bevrediging en dien ook as 'n uiting van hulle gespanne toestand, derhalwe is dit nie bedoel dat ander insae daarin sal hê nie. Juis daarom is dit so waardevol om daardie intieme gegewens te verkry wat op geen ander wyse bekombaar is nie. Die grootste probleem van die ondersoeker is gewoonlik om daardie dagboeke vir insae beskikbaar te kry omdat die ppe. botweg weier om dit aan ander af te gee en dit as een van hulle kosbaarste besittings bewaar.

'n Beswaar teen die studie van dagboeke van adolessente is dat slegs belewinge wat met sterk gevoelsmomente gepaard gaan soos in die liefdeslewe, twyfel in die godsdiens/...

godsdienst, botsings met mense met wie hy in aanraking kom, ens., deur die adolessent in sy dagboek aangeteken word, terwyl daar geen inskrywings gedoen word as sake normaal verloop nie. Die gevaar is dus dat 'n eensydige beeld van die psigiese lewe van die jongmens gevorm word, 'n beeld wat die indruk skep dat die adolessensie meer belaa is met emosionele spanning as wat dit in werklikheid is.

CHARLOTTE BUHLER (1927) en WILLIAM STERN (1930) het gebruik gemaak van die dagboeke van adolessente om 'n insae te kry in hulle emosies ¹⁾. Hierdie dagboeke is deur hulle studente aan hulle gegee baie jare nadat die inskrywings daarin gedoen is en daaruit het die ondersoekers die emosies, persoonlike reaksies teenoor mense, dinge en die lewe oor die algemeen nagegaan. Hierdie dagboeke het dus 'n spontane weergawe bevat van dit wat die adolessente ondervind het op die oomblik toe dit geskryf is.

Wysigings is in hierdie metode aangebring deurdat die ppe. gevra is om bewustelik dagboeke te hou en veral op een of ander aspek van hulle psigiese belewing te let. So het GATES (1926) hierdie metode gebruik om 'n studie van die woede van studente te maak. Vooraf is hulle gevra om onmiddellik na 'n belewing van woede introspeksie te doen en alles noukeurig neer te skryf. Hierdie dagboeke moes 'n week lank bygehou word ²⁾.

In 1933 het MELTZER die tegniek van GATES gevolg en in 'n sekere mate daarop uitgebrei. Die ppe. moes bykomstige besonderhede soos die datum, tyd, duur, voor of na maaltye, intensiteit, oorsake, reaksie, impulse wat ervaar is, ens. invul. Die ppe. moes ook op 'n vyfpuntskaal die/...

1) Bühler: Zwei Mädchentagebücher.

Stern: Psychology of early childhood.

2) Aangehaal deur Hurlock: Adolescent Development, 112.

die mate van woede, die gesondheidstoestand en die graad van prikkelbaarheid aandui ¹⁾.

In 'n studie oor indiwiduele verskille in die sin vir humor by adolessente het KAMBOUROPOULON (1926) vir 100 studente gevra om humordagboeke aan te hou vir sewe agtereenvolgende dae. Sy het gevind dat daar 'n oorsaak moet wees voordat lag by die jongmense sal voorkom ²⁾.

RUNNER (1937) het data verkry uit dagboeke wat oor twee weke gehou is deur meisies wat in baie opsigte ooreenkoms vertoon. Hieruit is die „social distance" in die adolessent se vriendskappe aangetoon ³⁾.

Ons het nie van hierdie metode in ons ondersoek gebruik gemaak nie veral omdat dit besonder moeilik is om die dagboeke van adolessente te bekom in die gevalle waar dit bygehou is as 'n spontane uiting van die gemoedstoestand en aan die ander kant mag die dagboeke wat in opdrag van die ondersoeker vir 'n week of twee gehou word, nie 'n getroue weergawe wees nie maar „vir die ondersoeker" geskryf word.

(iv) Persoonlike onderhoud.

Die persoonlike onderhoud is 'n metode om data te bekom in een of ander ondersoek waar die pp. mondeling aan die pn. sekere feite vertel of vrae beantwoord oor een of ander probleem waaroor die onderhoud gaan. CHARTERS (1923) sien verskeie voordele in hierdie metode van ondersoek ⁴⁾. Deur middel hiervan kan die ondersoeker 'n duidelike algemene indruk vorm van die persoonlikheid van die pp. met wie hy te doen het. Daar is geleentheid vir die een persoonlikheid om op die ander in te werk en wanbegrippe/...

-
- 1) Meltzer: Students adjustments in anger. J. Soc. Psychol., 4, 285 - 308.
2) Kambouropoulon: Individual differences in the sense of humor. Amer. J. Psychol., 37, 268 - 278.
3) Runner: Social distance in adolescent relationships. Amer. J. Sociol., 43, 428 - 439.
4) Charters: Curriculum construction, 134.

wanbegrippe uit die weg te ruim, sodat die antwoorde meer betroubaar sal wees. Vrae kan dadelik aangevul word om verdere verduidelikings moontlik te maak.

In die persoonlike onderhoud kan die pn. gebruik maak van sekere vrae wat hy vooraf opgestel het en dan kan hy die reaksies, antwoorde, ens., van die pp. noukeurig aanteken en vertolk. Aan die ander kant kan die pn. tydens die onderhoud vrae opstel na gelang van die gang van die onderhoud en sekere gegewens wat hy van die pp. verkry.

Die grootste beswaar teen hierdie metode is dat dit so tydrowend is want deur een pn. kan maar 'n geringe aantal ppe. per dag behartig word. Vir die medikus, psigiater, sosiale werkster, die sakebestuurder, ens., is dit van groot waarde maar by 'n ondersoek oor die adolesensie neem sy waarde af omdat die pp. in 'n onnatuurlike situasie verkeer en sy optrede en antwoorde nie natuurlik en spontaan sal wees nie. Waarskynlik sal hy ook ongeneë wees om sekere sake wat hy as intiem en persoonlik beskou, te openbaar. Dit skyn of SYMONDS na aanleiding van die werk van DAVIS aan die vraelysmetode voorkeur gee bo die onderhoud ¹⁾. „When we consider the greater ease with which the questionnaire method may be employed and that it may be depended upon to yield fully as complete and accurate and frank results as the interview, the results of this study seem to indicate that the questionnaire method is preferable" ²⁾. Omdat ons deur hierdie metode nie die adolessent in sy skoolverband kon bereik nie is dit vir die doel van ons ondersoek heeltemal ongeskik.

(v) Gevallestudies.

Met behulp van hierdie metode word 'n omvattende studie van die indiwidu gedoen. Deur alle beskikbare metodes/...

1) Symonds: Diagnosing personality and conduct, 453.

2) Ibid. 453 - 454.

metodes wat prakties moontlik is, word gegewens i.v.m. 'n besondere pp. ingesamel. So word bv. gebruik gemaak van toetsing, gradering, persoonlike onderhoud en ondervraging van die pp. self sowel as sy familie en bekendes om sy voorgeskiedenis, sy huislike agtergrond, sy skoolprestasies en sy skoolprobleme na te gaan. 'n Hele span ondersoekers werk gewoonlik saam, bv. 'n sosiale werkster, 'n medikus, 'n psigiater, onderwysers, ens. Deurdat die geval indiwiidueel bestudeer word, kan indiwiiduele probleme vasgestel word en leiding vir die oplossing daarvan gegee word.

Hierdie omvattende studie van die enkeling word gewoonlik gedoen van mense wat met die gereg in botsing gekom het, bv. van jeugdiges met een of ander oortreding op hulle kerfstok. Omdat ons studie gaan oor die normale en gemiddelde middelbare skoolleerling is hierdie metode nie vir ons doel geskik nie.

(vi) Die natuurwetenskaplike metode.

Ons maak gebruik van hierdie benaming na aanleiding van die metodes wat in die natuurwetenskappe gebruik word met behulp van laboratoriumapparaat. Die prikkels sowel as die reaksies word met die uiterste noukeurigheid gemeet, beheer en toegedien. Die verskynsels word nie afgewag en dan bestudeer nie maar daar word daadwerklik deur die pn. ingegryp in die verloop van sake en die verskynsels word opsetlik opgeroep sodat die eksperiment dikwels herhaal kan word juis omdat die omstandighede kunsmatig geskep, beheer en stelselmatig verander kan word.

Omdat die ppe. uit hulle sosiale verband geneem en in die laboratorium geplaas word en dit juis die sosiale verband is wat van alle belang in ons studie is, is hierdie metode ook nie vir ons doel geskik nie.

(vii) Introspeksie/...

(vii) Introspeksie.

Introspeksie of selfwaarneming is 'n ondersoek van jouself deur in die eie sielelewe te kyk. „Selfwaarneming word gedoen deur die self op die self, d.w.s. die self moet homself in twee verdeel, 'n waarnemende en 'n waargenome deel, terwyl hulle tog eintlik een is. Selfwaarneming is inderdaad selfontleding." ¹⁾ Die selfontleding is 'n moeilike taak en kan nie by klein kinders toegepas word nie, hoewel dit by adolessente in 'n mate moontlik is. Dit spreek ook vanself dat sulke gegewens nie kontroleerbaar is nie. Die bykomstige taak van die ondersoeker is om eers die pp. op te lei of te „oefen" in die hantering van introspeksie sodat dit op sigself baie tydrowend is, afgesien van die introspeksie self wat ook baie tyd in beslag neem.

Die waarde van introspeksie lê daarin dat die ondersoeker deur hierdie metode 'n geheelbeeld van die psigiese lewe van die pp. verkry. Verder word dit in baie gevalle gebruik as 'n aanvulling of toetsing van die resultate deur middel van ander metodes verkry. Die vraelyste maak ook gebruik van 'n mate van introspeksie en bereik goeie resultate daarmee. Vir ons doel was 'n suiwer introspektiewe metode nie geskik nie.

(viii) Eksperimentele retrospeksie.

Die natuurwetenskaplike metode of eksperiment is deur die Würzburgse skool met die introspeksie verenig om 'n nuwe metode, nl. eksperimentele retrospeksie daar te stel. 'n Eksperiment volgens die natuurwetenskaplike metode word uitgevoer en dadelik daarna word die pp. gevra om al sy psigiese belewinge tydens die eksperiment deur middel van retrospeksie (introspeksie oor 'n tydperk wat pas verstreke/...

1) Coetzee: Inleiding tot die alg. empiriese opvoedkunde, 19.

verstreke is) metodies en stelselmatig te beskrywe.

Spontane beskrywings en antwoorde van die pp. word aangevul deur versigtige vrae deur die pn. gestel. Hierdie metode het belangrike resultate opgelewer in die ondersoekinge van MARBE, WATT, ACH KOHNSTAM e.a. t.o.v. die hoëre psigiese prosesse soos die wil en denke.

Soos by introspeksie vereis hierdie metode oefening en vaardigheid sodat dit by die ondersoek van klein kinders nie gebruik kan word nie. Ook by die adolessent sal eksperimentele retrospeksie beswaarlik betroubare resultate gee omdat hulle eintlik nog nie heeltemal daartoe in staat is nie. Ook plaas hierdie metode wanneer dit toegepas word die adolessent heeltemal buite sy skoolverband en daarom is dit as metode nie vir ons doel geskik nie.

(b) Dwarsdeursneestudies.

Met 'n groot aantal ppe. wat 'n kort tydjie beskikbaar is, kan een van die volgende metodes in die ondersoek oor die adolessente tydperk suksesvol gebruik word:

(i) Toetsing (toetsmetode).

In die opvoedkundige toets het ons te doen met die prestasies van ppe. op verskillende terreine waarvoor aparte toetse opgestel, gestandaardiseer en in gebruik is. So kry ons fisiese toetse, psigiese toetse, aanlegtoetse, beroepstoetse, verstandstoetse, skolastiese toetse, ens., wat elkeen 'n besondere aspek van die ontwikkeling van die adolessent sal dek. Vooraf word sekere norme vir verskillende ouderdomsgroepe of klasgroepe opgestel en dan word individuele of groepe ppe. daarmee gemeet.

FLEMING (1932) het deur middel van hierdie metode die sosiale verhouding tussen vriende van dieselfde geslag op kollege nagegaan. Elke pp. moes sy beste vriend noem en hierdie/...

hierdie vriende is dan met 'n hele battery van persoonlikheidstoetse ondersoek. Korrelasies toon dat ooreenkomste tussen die vriende 'n belangriker rol speel om hulle na mekaar te trek as wat dit die geval met teenstellings is ¹⁾.

Om te sien in watter mate ooreenkomste tussen vriende bestaan, het VREELAND & COREY (1935) 30 pare intieme vriende van dieselfde geslag bestudeer deur middel van verstandstoetse, „Thurston's Neurotic inventory", „Moss's social Intelligence Test", „Watson's Public Opinion Test", en „Droba's Attitude Toward War Test" ²⁾.

PRESSEY, & ROBINSON (1944) het deur middel van die „Pressey Interest-attitude test" nagegaan waarom adollesente kommer openbaar en geslagsverskille sowel as leeftyds verskille vasgestel t.o.v. die sake waarom die kommer gaan ³⁾.

Soos uit die bostaande blyk, is wel sukses behaal met hierdie metode in die ondersoek van die adollesent maar daar bestaan nie voldoende toetse van hierdie aard wat aangepas is by die toestande van ons land nie en daarom is hierdie metode van ondersoek ook nie vir ons doel geskik nie.

(ii) Skrywe van opstelle.

Die ppe. kan gevra word om in opstelvorm die dinge waarvan hulle hou of nie hou nie in hulle maats, ouers, onderwysers, ens., te beskrywe. Motivering van hulle stellings kan hierby ingesluit word.

PRESSEY & ROBINSON (1944) het hulle ppe. gevra om te beskryf waarvan hulle hou en waarvan nie in lede van die teenoorgestelde geslag ⁴⁾. SOWERS (1937) het weer sy ppe. gevra/...

-
- 1) Fleming: Best friends. J. Soc. Psychol., 3, 385 - 390, 1932.
 - 2) Vreeland & Corey: A study of college friendships. J. Abnorm. Soc. Psych., 30, 229 - 236.
 - 3) Pressey & Robinson: Psychology and the new Education, aangehaal deur Hurlock: Adolescent Development, 129.
 - 4) Pressey & Robinson: Psychology and the new education, 244.

gevra om opstelle te skrywe oor die onderwerp van ouers en ouerlike leiding ¹⁾. HERTZLER (1940) het 2000 adolessente meisies gevra om opstelle te skrywe oor die sake waaroor hulle bekommerd is ²⁾.

Weens die aard van die ondersoek wat ons onderneem het met 'n groot aantal ppe. en die probleme wat hierdie metode lewer in die verwerking en beoordeling van die gegewens kon hierdie metode ook nie gebruik word nie.

(iii) Die vraelysmetode.

Volgens ons mening leen die vraelysmetode hom die beste tot 'n ondersoek oor die sosiale ontwikkeling van die adolessent. Ons is bewus van probleme en gebreke in die metode net soos ons ook bewus is van die voordele van metodes wat hierbo bespreek is of metodes wat nie eers genoem is nie maar dit was ons strewe om, nadat die metode gekies is, voorsorgmaatreëls te tref om hierdie nadelige faktore so ver as moontlik uit te skakel. In die volgende paragrafe ³⁾ gee ons 'n uiteensetting hoe ons te werk gegaan het om hierdie metode suksesvol toe te pas in ons ondersoek oor die adolessent.

V. Navorsing deur middel van 'n vraelys.

By hierdie metode word 'n reeks vrae wat bedoel is om sekere inligting oor die menslike gedrag te verkry aan 'n aantal ppe. voorgelê vir skriftelike beantwoording. Die pp. kan die vrae beantwoord oor iemand wat hy goed ken of oor homself. Voldoende tyd vir die voltooiing van die vraelys word toegestaan en die belangrikste vraag is nie of die pp. die vrae kan beantwoord soos by toetsing nie. Die vrae moet binne die vermoë van al die ppe. val en die hoofsaak/...

1) Sowers: Parent-Child relationships from the child's point of view. J. Exp. Educ., 6, 205 - 231.

2) Hertzler: Problems of the normal adolescent girl. J. Second. Educ., 15, 114 - 119, 1940.

3) Bladsye 71 - 81.

hoofsaak is dat hy die vrae eerlik en opreg volgens sy beste wete en oortuigings moet beantwoord. Daar moet dan vasgestel word of die pp. hiertoe gewillig is, al dan nie.

1. Navorsingswerk van ander ondersoekers deur middel van 'n vraelys.

Die vraelys as metode van ondersoek is waarskynlik die eerste keer gebruik in die ondersoek van G. STANLEY HALL (1891) ¹⁾. Hierdie ondersoek is opgevolg deur 'n hele reeks navorsings deur middel van die vraelys waar veral kinders van skoolgaande ouderdom as ppe. gebruik is. Soos reeds aangedui, was dit veral na 1936 dat die sosiale aspek van die ontwikkeling van die adolessent aandag geniet het en na hierdie datum vind ons ook verskillende ondersoekers wat deur middel van 'n vraelys wat soms deur ander metodes aangevul is die adolessente tydperk ondersoek het.

So het DIMOCK (1935) 200 seuns tussen 12 en 16 jaar as ppe. geneem en hulle aktiwiteite 'n week lank aan ondersoek onderwerp deur middel van vraelyste en dit aangevul met onderhoude. Hierdeur het hy belangrike veranderinge vasgestel in die sosiale belangstelling van die ppe. by hulle oorgang van prepuberteit tot die adolessensie ²⁾.

BOGARDUS & OTTO (1936) het 'n vraelys gebruik om vas te stel of daar meer ooreenkomste as verskille tussen intieme maats bestaan en het gevind dat daar in 66 2/3% van die geval ooreenkomste bestaan. Hy het ook gevind dat dames meer tyd in mekaar se geselskap deurbring as wat die geval met mans is ³⁾.

LEHMAN & WITTY (1936) het ppe. van albei geslagte tussen 8½ jaar en 18½ jaar deur middel van 'n vraelys die „Lehman vocational attitude quiz“, gevra om aan te merk watter/...

1) Carmichael: Manual of Child Psychology, 2.

2) Dimock: A research in adolescence: The social world of the adolescent. Child Development, 6, 285 - 302, 1935.

3) Bogardus & Otto: Social psychology of chums, aangehaal deur Hurlock: Adolescent Development, 171.

watter van die 200 beroepe wat in hierdie vraelys opgeneem is hulle graag sal wil volg ¹⁾.

In 1937 wou WINSLOW die verband tussen die opinies van vriende vasstel en het aan 86 paar kollegestudente 'n vraelys gegee oor sake soos die negervraagstuk, buitelandse politiek, godsdiens, algemene ekonomiese sake, ens., en het gevind dat hulle opinies nie noodwendig eners moet wees nie ²⁾.

In die vraelys van LUNGER & PAGE (1939), bestaande uit 73 items om vas te stel in watter mate die individu in laatadolessensie kommernis belewe en wat dit veroorsaak, moet die ppe. slegs een van drie moontlikhede invul, nl. baie, soms of nooit ³⁾. Bykans dieselfde soort vraelys is gebruik deur PINTNER & LEV (1940) waar die ppe. by elkeen van die 53 items een van drie moontlike antwoorde moes invul, nl. dikwels, soms of nooit. Hierdie vraelys het ook gegaan oor die verskillende sake waaroor die adolessent kommernis openbaar ⁴⁾.

VAN DYNE (1940) het 42 meisies van gemiddelde ouderdom 16.8 jaar wat saam 'n kamp bygewoon het, gebruik om die „Bernreuter Personality Inventory” te voltooi en gevind dat hoe hechter die vriendskap tussen vriende is, hoe nader is die kronologiese ouderdomme aan mekaar ⁵⁾.

JERSILD et al (1941) het die prosedure van PINTNER & LEV gevolg en 'n vraelys met 25 items oor die bekommernis van adolessente aan hulle ppe. voorgelê met die opdrag om op die driepuntskaal dikwels, soms of nooit aan te toon waaroor hulle bekommernis gaan ⁶⁾.

WASHBURNE/...

-
- 1) Lehman & Witty: Sex differences in vocational attitudes. J. appl. Psychol., 20, 576, 585, 1936.
 - 2) Winslow: A study of the extent of agreement between friends' opinions and their ability to estimate the opinions of each other. J. Soc. Psychol., 8, 433 - 442.
 - 3) Lunger & Page: Worries of college freshmen, aangehaal deur Hurlock: Adolescent Development, 129.
 - 4) Pintner & Lev: Worries of school children. J. genet. Psychol., 56, 67 - 76.
 - 5) van Dyne: Personality traits and friendship formation in adolescent girls. J. Soc. Psychol., 12, 291 - 303.
 - 6) Jersild et al.: A comparative study of the worries of children

WASHBURNE (1941) het die „Washburne social adjustment inventory" gebruik saam met verstandstoetse en 'n vraelys oor hulle huislike agtergrond, kollegeaktiwiteite en hulle kollege status. Hiervolgens is bevind dat die beste sosiale aanpassings verband hou met deeltydse werk om in persoonlike behoeftes te voorsien. Die huisgesinne waaruit hulle kom, moet nie opgebreek wees nie, hulle moet deel hê aan sport en ander buitemuurse bedrywig-hede en moet 'n goeie verstand hê ¹⁾.

CONRAD & JONES (1942) het vyf jaar na mekaar jaarliks dieselfde vraelys aan 300 seuns en meisies in die middelbare skool gegee. Die vrae gaan oor die dinge wat hulle hinder of irriteer en hulle het 'n gemiddelde stabiliteit van jaar tot jaar gevind ²⁾.

Vraelyste is gebruik in die ondersoeke van MARSH (1942) ³⁾, JONES (1943) ⁴⁾, SILVERMAN (1945) ⁵⁾ en ook ander ondersoekers het sukses behaal met hierdie metode.

2. Voordele van die vraelys as metode van ondersoek.

Deur middel van hierdie metode word 'n massa feitemateriaal van 'n groot aantal ppe. binne korte tydse bestek byeengebring. Die proefnemer kan hierdie materiaal later rustig verwerk en van die ppe. word nie veel tyd in beslag geneem nie. Deurdat van 'n groot aantal ppe. gebruik gemaak word, is dit moontlik om sekere ontwikkelingslyne, neigings, kontrasterende tipes, ens., binne die adolessentegroep wat bestudeer word vas te stel. Deur die vraelys wat in die klaskamer voltooi word, word die ppe.

ook nie/...

-
- 1) Washburne: Factors related to the soc. adj. of college girl. J. Soc. Psychol., 13, 281 - 289.
 - 2) Conrad & Jones: Some results from an "annoyance inventory" in a cumulative study of adolescents, aangehaal deur Hurlock: Adolescent Development, 137.
 - 3) Marsh: The worries of the college woman, aangehaal deur Hurlock: Adolescent Development, 130.
 - 4) Jones: Development in adolescence, aangehaal deur Hurlock: Adolescent Development, 237.
 - 5) Silverman: Clothing and appearance: Their psychological implications for teen-age girls, aangehaal deur Hurlock: Adolescent Development, 248.

ook nie uit hulle sosiale verband geruk nie maar bly hulle in die natuurlike en bekende klassituasie wanneer hulle die gegewens verskaf. Subjektiewe vrae mag aan die ppe. gestel word en hulle sal dit eerder op skrif beantwoord as mondeling, veral in gevalle waar hulle name nie op die vraelys voorkom nie. Sulke gegewens soos leeftyd, plek in die huisgesin, besonderhede oor ouers en ander lede van die huisgesin, ens., word met 'n groot mate van akkuraatheid bekom.

3. Nadele verbonde aan die vraelysmetode.

'n Belangrike beswaar teen hierdie metode is die gebrek aan 'n kontrolemiddel of die adolessente die vrae getrou en juis beantwoord het en of hulle valse bewerings gemaak het ¹⁾. Die pn. is afhanklik van die samewerking van die ppe. om juiste gegewens te verstrek. Verder kan adolessente ook weier om sekere persoonlike gegewens te verstrek waar die moontlikheid bestaan dat hulle status of posisie op een of ander wyse benadeel kan word. Adolessente kan vrae wat introspeksie op een of ander manier vereis beswaarlik getrou en waar beantwoord. Vertolking van die betekenis van sekere woorde in die vraelys kan probleme oplewer omdat verskillende ppe. verskillende betekenis se daaraan kan heg namate hulle in die formulering en uitdrukking van hulle gedagtes verskil. Net so kan die vrae ook te subjektief van aard wees en verwys na sekere innerlike toestande wat die ppe. nie suiwer kan vertolk nie of nie wil beskryf nie. 'n Belangrike beswaar is dat alle adolessente nie al die vrae beantwoord nie en elke vraag dus nie deur die hele verteenwoordigende groep beantwoord word nie. Daar word ook
beweer/...

1) Hurlock: Adolescent Development, 19.

beweer dat die ondersoeker deur sekere antwoorde te suggereer die ppe. lei om te antwoord soos hy graag die antwoorde wil hê of, wanneer die pp. die antwoorde wat gesuggereer word, sien, vergeet hy sy eie antwoord en maak gebruik van die gesuggereerde antwoorde.

4. Pogings van die skrywer om die nadele te oorbrug.

Indien die regte voorsorgmaatreëls getref word, kan baie van die besware teen die vraelysmetode oorbrug word.

Om die probleem van onjuiste of valse bewerings uit te skakel, is in die ondersoek gebruik gemaak van 'n baie groot aantal ppe. nl. 5558. „De eenzijdigheden in het getuigenis van den een worden in dat van het ander aangevuld”.¹⁾ Vooraf is ook die belangstelling in en samewerking van die ppe. verkry deur middel van die klas-onderwysers(esse) wat as hulpproefnemers opgetree het. Om te verhoed dat die ppe. terughoudend in hulle antwoorde sal wees is hulle name weggelaat en aan hulle die versekering gegee dat niemand sal kan vasstel watter vraelys hulle voltooi het nadat dit eers ingegee is nie. Dat hierdie versekering 'n invloed op die beantwoording uitgeoefen het, word gestaaf deur die feit dat slegs 'n paar lle. na voltooiing gewillig was om op versoek van die pn. hulle name op die vraelyste in te skryf, toe die pn. hierdie versoek as 'n toets aan die groep stel.

By die opstelling van die vraelys is suggestiewe vrae sover moontlik vermy deurdat 'n buitestaander die vraelys eers geredigeer het. Ook in 'n voortoets wat aan ongeveer 400 leerlinge gestel is, is aandag aan hierdie aspek gewy. Die skrywer het daarna gestreef om die vrae duidelik en in verstaanbare taal vir die middelbare

skoolleerling/...

1) Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 29.

skoolleerling te stel. Baie lang vrae is vermy en probleme om die antwoorde te formuleer is uitgeskakel deur 'n verskeidenheid moontlike antwoorde te suggereer waaruit hy dan een of meer moes aandui as die een wat op hom van toepassing is, deur eenvoudig net 'n kruisie by die betrokke suggestie te maak of 'n syfer in bepaalde spasies wat daarvoor bedoel is, in te vul. Foute by die kontrolewerk is in 'n groot mate uitgeskakel deurdat maskers gebruik is om die antwoorde oor te dra en die telling te vergemaklik.

In die voortoets is openinge gelaat waar die ppe. hulle eie antwoorde kon formuleer indien die gesuggereerde antwoorde nie aan hulle bevrediging verskaf nie. Hierdeur wou ons verhoed dat antwoorde miskien in 'n bepaalde rigting wat die ondersoeker verlang, gestuur word. 'n Baie geringe aantal ppe. het hiervan gebruik gemaak sodat ons aangeneem het dat die gesuggereerde antwoorde hulle 'n voldoende verskeidenheid in die keuse van 'n antwoord gebied het. Subjektiewe vrae waarin 'n groot mate van introspeksie vereis word, is vermy en geen vrae is oor die verre verlede van die ppe. gestel nie.

Die vrae is nie losstaande van mekaar nie maar is gestel in sekere groepe wat 'n onderliggende verband besit. Hierdeur kry die antwoorde ook betekenis aangesien die antwoord op 'n enkele vraag miskien misleidend kan wees terwyl dit al betekenisvoller word waar 'n hele paar vrae oor dieselfde saak en in aansluiting by mekaar gaan.

Die skrywer maak nie daarop aanspraak dat hy al die besware en probleme verbonde aan 'n vraelys oorbrug het nie maar meen tog dat hy deur die voorafgaande voorsorgmaatreëls 'n goeie meetinstrument gevind het in die vraelys wat hy gebruik het.

5. Die/...

5. Die opstelling van die vraelys.

Voor die opstelling van die vraelys was dit nodig om 'n deeglike studie van die algemene karaktertrekke van die adolessensie te maak. Hierna is ander vraelyste bestudeer om vas te stel op watter wyse vrae aan adolessente gestel kan word ¹⁾.

Die eenvoudigste soort vrae is waar die ppe. deur middel van 'n enkele woord „ja" of „nee" moet antwoord op 'n regstreekse vraag. Hierby kan 'n derde moontlikheid gevoeg word nl. „ek weet nie" of „onseker". Nou verwant hieraan is die soort vraag waar 'n stelling gemaak en die ppe. net moet sê of die stelling waar of vals is, met 'n derde moontlikheid, nl. waar hulle onseker is. Die soort vrae wat vir ons doel die geskikste is, is die eerste van hierdie twee soorte en ook waar 'n vraag duidelik en regstreeks gestel word met 'n hele aantal moontlike antwoorde waaruit die ppe. die een (of meer) wat aan hulle die meeste bevrediging besorg, kan kies. 'n Derde soort vraag wat deur ons gebruik is, is waar 'n aantal persoonlike eienskappe genoem word en die ppe. moet kies in watter volgorde van belangrikheid hulle daardie eienskappe vir hulleself begeer. Hulle keuses word dan aangestip deur slegs 'n syfer in te vul wat die voorkeur aandui.

Uit die voorafgaande inleidende studie het ons gekom tot 'n lys sake wat 'n belangrike rol speel in die opvoeding en sosiale ontwikkeling van die adolessent. Uit die aard van ons doelstelling sal die ondersoek veral toegespits wees op die adolessent se verhouding tot mense met wie hy in aanraking kom, volwassenes maar ook ander jeugdiges. Hierdie mense dra 'n belangrike deel by tot die opwekking/...

1) Bingle: Enkele godsdienstige opvattinge van die middelbare skoolleerling, 93 e.v.

opwekking, beheersing of uiting van sekere emosies van die adolessent en dit is uiteindelik ook mense wat sy opvoeding en sosiale ontwikkeling bepaal. Aan elkeen van hierdie vier sake nl. volwassenes, jeugdiges, emosies en die algemene sosiale opvoeding word aandag gewy in hoofstukke III tot VI, waar 'n groep vrae met suggesties vir moontlike antwoorde oor elkeen gestel is ¹⁾.

6. Die voortoets.

Nadat die vraelys opgestel is om al die afdelings wat in paragraaf 5 genoem word, te dek, is dit saam met die nodige instruksies aan die ppe. afgerol en eers aan 'n enkele skool in samewerking met die hoof en deur middel van die personeellede aan 400 leerlinge vir voltooiing gegee. Openinge is by die verskillende suggesties gelaat sodat die leerlinge ook hulle eie antwoorde kon invul indien die suggesties wat as moontlike antwoorde gestel is nie aan hulle bevrediging verskaf nie. Hierdie voortoets het die volgende i.v.m. die ondersoek aan die lig gebring.

- (a) Die leerlinge is gewillig om openlik te antwoord mits hulle name nie op die vraelys verskyn nie. Na voltooiing van die vraelys is die vraag gestel wie gewillig is om hulle name op die vraelys te skryf voordat hulle dit inhandig en slegs 10% tot 15% het bevestigend geantwoord.
- (b) Die ppe. was gewillig om saam te werk en het 'n werklike belangstelling in die ondersoek geopenbaar. Daar was sommige wat afskrifte van die vraelys wou huistoe neem om dit weer te bestudeer.
- (c) Die vrae is verstaanbaar en baie min bykomstige verduidelikings is nodig.

(d)/...

1) Die volledige vraelys met suggesties vir moontlike antwoorde is opgeneem in Bylae A.

- (d) Dit is nie vir die ondersoeker nodig om persoonlik in die klas teenwoordig te wees tydens die voltooiing van die vraelys nie. Die klasonderwysers(esse) aan die betrokke skool kan doeltreffend as hulpproefnemers optree.
- (e) Dit is noodsaaklik dat die ondersoeker self by die skool teenwoordig moet wees om vooraf die nodige verduidelikings aan die personeel te gee en ook die belangstelling van die hulpproefnemers te wek. Hy moet ook teenwoordig wees om probleme wat tydens die ondersoek opduik onmiddellik op te los.
- (f) Die organisasie by die skool verloop die maklikste as al die klasse gelyktydig met die vraelys begin en dit afhandel.
- (g) Die tyd nodig vir die voltooiing van die vraelys is van 50 tot 60 minute.
- (g) Die suggesties wat as antwoorde op die vrae gegee word, dek die hele terrein. Slegs enkele ppe. het gebruik gemaak van die openinge wat gelaat is om bykomstige suggesties as antwoorde op die vrae in te vul. Hierdie bykomstige suggesties of antwoorde wat deur die ppe. ingevul is, was oorvleueling van die wat reeds gegee is en is nie in die vraelys opgeneem nie.
- (i) Dit was nie nodig om enige ingrypende wysigings op die voorlopige vraelys aan te bring voordat dit in hierdie ondersoek gebruik kon word nie.
- (j) 'n Bykomende opdrag en verduideliking aan die hulpproefnemers moes op skrif gestel word om eenvormigheid te verkry. Hierop kon die skrywer verdere mondelinge verduidelikings gee waar nodig.

7. Die finale vraelys.

Die finale vraelys is gedruk om netjies en oorsigtelik te wees. ¹⁾ By die drukwerk is van twee kleure/...

1) Bylae A is 'n afskrif van die volledige vraelys.

kleure papier gebruik gemaak om te onderskei tussen die vorms wat vir meisies en vir seuns gebruik is, alhoewel die inhoud op albei kleure vorms dieselfde is. Die blougroen vorms is vir seuns en die ligrooi vorms is vir dogters gebruik om kontrolewerk te vergemaklik, daar ons die gegewens wat van die twee geslagte verkry is, apart verwerk het. Ook is spasies gerieflikheidsontthalwe reg onder mekaar langs die gesuggereerde antwoorde gelaat waar die ppe. slegs 'n kruisie kon maak om hulle keuse van die antwoord aan te dui en sodoende tyd te bespaar ¹⁾.

8. Metode gevolg by die voltooiing van die vraelyste.

Nadat toestemming van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry is en 'n datum in oorleg met die hoofde van die skole bepaal is, het die skrywer die vraelyste persoonlik na die betrokke skole weggebring en die instruksies op skrif ²⁾ aan die personeel oorhandig, dit saam deurgelees en verder mondeling aan hulle verduidelik waar miskien nog onduidelikheid voorgekom het. In die persoonlike gesprek met die personeel kon hulle belangstelling vir die ondersoek opgewek en hulle samewerking verkry word sodat hulle dit weer aan die leerlinge kon oordra. Aan elke onderwyser(es) is voldoende eksemplare van die vorms vir seuns sowel as meisies verskaf en hulle is terug na hulle klasse waar die vraelys gedurende dieselfde periode in al die klasse van die skool voltooi en na die kantoor of personeelkamer teruggestuur is saam met die persoonlike gegewens wat deur die personeel verstrekk moes word. ³⁾ Dit het onderlinge bespreking van die vrae deur die leerlinge voordat al die lyste aan die skool voltooi is outomaties uitgeskakel.

Al die/...

1) Bylae A.

2) Bylae B.

3) Bylae B.

Al die skole is besoek gedurende die tydperk 4 Mei tot 18 Junie 1954 om te verseker dat al die leerlinge min of meer dieselfde periode in hulle betrokke standerds deurgebring het en hulle ouderdomme in die standerds nie wesenlik sou verskil nie.

9. Kontrole van die voltooide vraelyste.

Die kontrolewerk en uittreksels uit die vraelyste is gedoen met behulp van afgerolde maskers ¹⁾ wat volgens die verskillende kolomme van die vraelys opgestel is en die werk in so 'n mate vereenvoudig en gemeganiseer het dat geen spesiale opleiding of kennis vir hierdie werk vereis word nie. Die skrywer kon dus, nadat die sortering gedoen is, gebruik maak van twee helpsters (verantwoordelike dames met ondervinding van sekretariële werk) sonder om afbreuk te doen aan die wetenskaplike juistheid van die gegewens by die hantering daarvan.

In die reëelheidstabelle word die persentasies deur die twee geslagte in elke leeftydsgroep met mekaar vergelyk om vas te stel of daar reële of beduidende verskille voorkom. In dieselfde tabelle word ook aangetoon of seuns en meisies apart in opeenvolgende leeftydsgroepe verskille aantoon, bv. seuns van 12 en 13 jaar word met mekaar vergelyk en dan weer seuns van 13 en 14 jaar, 14 en 15 jaar, 15 en 16 jaar, ens. Dieselfde geld ook vir die meisies. Die simbool (-) dui aan dat daar geen beduidende verskille in die betrokke vergelyking bestaan nie. Die simbool (+) dui aan dat daar wel 'n beduidende verskil bestaan soos vasgestel is deur die toepassing van 'n wiskundige formule wat vir hierdie doel gebruik is ²⁾.

Op die wyse wat in die voorgaande bladsye beskryf is, het ons te werk gegaan om die resultate te verkry wat in hoofstukke III tot VI weergegee word.

- - - - -

1) Bylae C.

2) Bylae D.